

Gereformeerde Kerk Bellville – 29 April 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 19:5, 6 (p. 83)

- 5 Die HEER se vrees is rein, / dit open 'n fontein / van heil wat ewig bly.
Die wette van die HEER / is waarheid immermeer, / regverdig net soos Hy.
Hul's soos die fynste goud – / ja, fyner duisendvoud – / geen glans wat so kan straal nie;
geen heuning is so goed, / geen heuningdrup so soet – / daar's niks wat daarby haal nie.
- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 89:1, 3 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys
het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 3 Die hemel loof, o HEER, u wonderbare mag; / die eng'le prys u trou en waarheid dag en nag.
Want in die hemel is daar niemand U gelyk nie; / geen seraf wat voor U die vleuel nie moet stryk nie.
U's groteliks gedug en eind'loos in vermoë, / u onverbreekb're trou omring U voor hul oë.

Gebed

Psalm 24:2, 3 (p. 111)

- 2 Wie sal die Godsberg op kan gaan, / en wie sal op sy top kan staan,
omskitter deur Gods heilighede? / Die man wat rein van hart en weg,
sy siel aan nietigheid nie heg, / en trou is aan sy woord en ede.
- 3 Geregtheid daal op hom neer; / 'n seën verkry hy van die HEER,
wat stil Hom volg op al sy skrede. / Dit is die ware Israel,
die volk wat vra na Gods bestel, / en wat Hom soek in hul gebede.

Skriflesing: Matteus 16:13-23; Heidelbergse Kategismus, Sondag 31:83-84

Kernvers: Matteus 16:16, 19

En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God.

En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.

(Matteus 16:16, 19 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 83: Wat is die sleutels van die koninkryk van die hemel?

Antwoord: Die verkondiging van die heilige evangelie en die Christelike tug. Met albei hierdie handeling word die koninkryk van die hemel vir die gelowiges oopgesluit en vir die ongelowiges toegesluit (a).

(a) Matt 16:18, 19; Matt 18:18.

Vraag 84: Hoe word die koninkryk van die hemel deur die verkondiging van die heilige evangelie oop- en toegesluit?

Antwoord: Volgens die bevel van Christus word aan die gelowiges gesamentlik en afsonderlik verkondig en openlik betuig dat al hulle sondes waarlik deur God ter wille van die verdienste van Christus vergewe is so dikwels as wat hulle die belofte van die evangelie met 'n ware geloof aanneem. Daarenteen word aan al die ongelowiges en huigelaars verkondig dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank hulle hulle nie bekeer nie (a). Volgens hierdie getuienis van die evangelie sal God sowel in hierdie as in die toekomstige lewe oordeel.

(a) Joh 20:21-23; Matt 16:19.

Tema: Die sleutel wat die koninkryk van God oop- en toesluit

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, in die briewe aan die Korintiërs lees ons watter strominge daar in 'n gemeente kan heers. Dit is hierdie strominge wat 'n gemeente se lewe heeltemal deurmekaar kan maak. En die strominge in Korinte was baie uiteenlopend. Daar was lidmate wat maar gelate gelos is om 'n sondige lewenswyse te handhaaf en ander het weer geroem dat hulle werklik vry is in die Here om enige vleis te eet. Ongelukkig het hulle die vryheid waarop hulle so geroem het gebruik om baie ongelukkigheid in die gemeente veroorsaak. Daarom het Paulus vir hulle in sy eerste brief geskryf dat God 'n God van orde is.

Omdat God die God van orde is, stel Hy die orde in die huwelik vas. Die man het 'n bepaalde funksie en opdrag om in die huwelik te vervul en dit verskil van die vrou se funksie en opdrag. Vir 'n gesin wat tot eer van die Here leef, is daar bepaalde reëls vir die ouers en die kinders. Selfs vir goeie verhoudings tussen werkgewers en werknemers het die Here 'n orde ingestel. Ook vir die owerheid en burgers van 'n land het die Here 'n orde vasgestel.

Vir sy kerk het die Here ook 'n bepaalde orde gegee sodat alles in die kerk volgens goeie orde kan verloop. Wanneer dit by die Here se ordelike regering van sy kerk kom, het Hy in besonder die ouderlinge en die predikante daarvoor aangestel. Hulle moet die gesag van Christus – en dit moet ons goed oplet – hulle moet Christus se gesag en nie hulle eie gesag nie bedien. Dit is immers Christus se kerk, en Hy as Koning en Hoof van die kerk bepaal hoe elkeen hom in sy kerk behoort te gedra.

God het aan Christus alle mag in die hemel en op die aarde gegee. Christus is daarom die Hoof bo alle dinge en Hy kan selfs sê hoe owerhede en burgers van 'n land en werkgewers en werknemers behoort op te tree. Maar Hy is in besonder die Hoof van die gemeente wat sy liggaam is. 'n Gemeente wat dan gehoorsaam aan haar Hoof lewe, is 'n gemeente waardeur en waarmee die Here Jesus die koninkryk van God sigbaar maak in die wêreld wat oud en verrimpeld is van sonde. Aangesien die koninkryk van God sigbaar moet word deur die kerk, gee die Here aan sy kerk die sleutels van die koninkryk. En die kerkraad – ouderlinge en predikant – ontvang die opdrag van Jesus om hierdie sleutels aan te wend.

Broers, susters en kinders, wanneer Jesus aan Petrus sê dat Hy aan hom die sleutels van die koninkryk van die hemele gee, sluit Hy aan by die profesie wat Jesaja in opdrag van God moes uitspreek. In Jesaja 22 staan daar geskryf oor Sebna wat bestuurder oor die paleis was maar nie goeie werk gedoen het nie.

Sebna was die bestuurder oor die paleis van koning Hiskia. As bestuurder het Sebna die laaste sê gehad oor wie toegang tot die koning het en wie nie toegang tot hom het nie. As

kenteken van sy amp het hy 'n sleutel gedra – die sleutel van die huis van Dawid. Sebna was egter bevooroordeel oor wie hy tot die koning toelaat en wie nie en so het hy homself verryk. Hieroor het die Here 'n ernstige woord deur Jesaja tot hom gespreek. In sy hantering van die sleutel het hy nie die voordeel van die volk op die hart gedra nie maar sy eie eer en voordeel. Daarom het die Here besluit om Sebna as bestuurder te ontslaan en vir Eljakim in sy plek aan te stel. En dan sê die Here hierdie treffende woorde:

En Ek sal die sleutel van die huis van Dawid op sy skouer lê; en hy sal oopmaak, en niemand sal sluit nie; en hy sal sluit, en niemand sal oopmaak nie.

(Jesaja 22:22 AFR53)

In hierdie profetiese woorde hoor die ouderlinge en predikante watter groot verantwoordelikheid hulle wanneer hulle met die sleutels van God se koninkryk werk. Nooit mag enigeen van hierdie diensknegte die sleutels so gebruik asof hy die gesag in homself het om te doen wat hy doen nie. In nederigheid moet hulle die sleutels biddend hanteer. Nederig – want hulle werk in en aan die liggaam van Christus die Here. Biddend – want hulle kan elleenlik met die wysheid van die Heilige Gees hierdie sleutels behoorlik hanteer. Die diensknegte wat die Here aanstel, is steeds feilbare sondaars, daarom hou hulle ook oor mekaar se dienswerk toesig sodat alles tot eer van die Here kan plaasvind.

Die Here Jesus het twee sleutels aan sy kerk gegee waarmee die koninkryk van God oop- en toegesluit word. Die twee sleutels is die verkondiging van die heilige evangelie en die Christelike tug. Vir die gelowiges en die wat hulle bekeer van hulle verkeerde weë word die koninkryk van God oopgesluit. Vir die ongelowiges en die wat hulle verhard teen die Here word die koninkryk van God toegesluit. In Matteus 16 – ons Skrifgedeelte vanaand – hoor ons hoe die Here die eerste sleutel aan Petrus as apostel gee. Dit is die verkondiging van die evangelie. In Matteus 18 waarby ons DV volgende week sal stilstaan gee die Here die tweede sleutel aan sy apostels. Dit is die Christelike tug.

Ongelukkig het baie lidmate misverstande oor hierdie twee sleutels van die koninkryk van God. Wanneer hulle van die Christelike tug hoor, is hulle negatief omdat dit vir hulle na iets hard en onversetlik klink. Baie lidmate verstaan onder tug dieselfde as wat ons gewoonlik met straf bedoel. Om die doel van albei hierdie sleutels goed te begryp moet ons net oplet na wáár in ons Kategismus ons die sleutels van die koninkryk behandel. Dit staan in die tweede deel van ons Kategismus wat handel oor die verlossing van die mens deur Jesus Christus.

Die verlossing het alles te doen met die verkondiging van die evangelie. Dit is immers met die verkondiging van die evangelie wat die Heilige Gees aan 'n mens vertel dat Jesus Christus die enigste en volmaakte Verlosser is. Dit is ook met die verkondiging van die evangelie wat die Heilige Gees geloof gee aan die mens sodat hy in Christus kan glo en deel kan kry aan die verlossing.

Die Christelike tug word ook toegepas omdat die verlossing van die sondaar vir die Here Jesus belangrik is. Dit is mos nie God se wil dat die sondaar weens sy sonde sterf nie. God wil hê dat die sondaar hom sal bekeer en bly lewe. Daarom gebruik die Heilige Gees die Christelike tug om die afvallige gelowige terug te lei na die Here Jesus toe by wie hy alleen verlossing kan kry.

By die toepassing van die Christelike tug word die heilige evangelie ook gebruik. Sommige mense het die idee dat wanneer 'n kerkraad die Christelike tug toepas, gebruik hulle reëls wat die kerk opgestel het asof dit niks met die Bybel te doen het nie. Die kerkraad wat op so 'n wyse die tug toepas, pas nie die Christelike tug toe nie maar is besig met kerklike

straf – en dit mag nie gebeur nie. Nee, die Christelike tug kan net toegepas word met die verkondiging van die heilige evangelie. Dit is dus nie menslike reëls nie maar die orde wat God self vir sy kerk en sy lidmate ingestel het.

Die verkondiging van die heilige evangelie en die Christelike tug is sleutels in die hand van die Seun van God – Jesus Christus ons Verlosser. As 'n mens dan beseft dat dit Jesus Christus is wat aan die werk is in die verkondiging en in die tug, dan kyk 'n mens met 'n heeltemal ander gesindheid na hierdie sleutels. Vanaand staan ons net by die eerste sleutel stil. Ons gaan hoor wat die verkondiging van die heilige evangelie is en hoe die handeling die koninkryk van God vir die gelowiges en bekeerdes oopsluit, maar vir die wat in hulle sondes volhard toesluit.

Toe Jesus vir sy dissipels gevra het wie sê hulle is Hy, die Seun van die mens, was dit Petrus wat as mondstuk van die dissipels die belydenis uitspreek:

U is die Christus, die Seun van die lewende God. (Matteus 16:16 AFR53)

Hierdie openbaring van wie Jesus is, het Petrus nie van 'n mens gehoor nie, maar die Vader in die hemel het dit deur die Heilige Gees aan Petrus bekend gemaak. En dan voeg Jesus by dat Hy sy gemeente op hierdie rots sal bou en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. Die rots waarvan hier gepraat word, is die belydenis wat Petrus uitgespreek het. Op hierdie belydenis dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God, bou Jesus sy kerk. Dit wil sê, deur die verkondiging van wie Jesus is, roep die Heilige Gees na Christus toe. Met die verkondiging bring Hy mense tot bekering omdat Hy aan hulle geloof gee. Sodoende vergader Christus sy kerk deur sy Gees en Woord om sy gemeente wees.

In Jesus se woorde hoor ons dat sy gemeente nie in 'n wêreld gebou word waar die kerk onaantasbaar is nie. Die kerk is ook nie mense wat deur die wêreld in vrede gelaat sal word om met hulle lewe in diens van die Here voort te gaan nie. Die gemeente wat Christus bou, is mense wat aanhoudend aangeval word. Wanneer die Heilige Gees geloof aan mense gee en hulle tot bekering bring, is hulle almal mense wat aanvanklik in die ryk van die duiwel was. Die Heilige Gees neem uit die ryk van die duiwel uit weg die mense wat aan Hom behoort, en die duiwel in sy selfsug kan nie verdra dat sy ryk so verklein word nie. Daarom wend hy alles wat hy kan aan om die mense wat die Heilige Gees tot bekering gebring het terug aan sy kant te kry.

Omdat die kerk van die Here Jesus voortdurend onder die aanval van die Bose verkeer, gee die Here die eerste sleutel. Die gelowiges moet die stem van die Here helder en duidelik hoor. ***Aan die gelowiges gesamentlik en afsonderlik word verkondig en openlik betuig dat al hulle sondes hulle waarlik deur God ter wille van die verdienste van Christus vergewe is so dikwels as wat hulle die belofte van die evangelie met 'n ware geloof aanneem.***

So dikwels gebeur dit dat 'n gelowige struikel of hy raak lous in sy verhouding met die Here. Hy bid en lees die Bybel vir 'n tyd lank miskien nie so gereeld as wat hy dit voorheen gedoen het nie. Maar die Heilige Gees bewerk die bekering by hom sodat hy opstaan uit die sonde en hom weer opnuut toewy aan sy verhouding met die Here. Die duiwel was onder die indruk dat hy hierdie gelowige beetgekry het, maar die Heilige Gees het hom met die Woord voor die grypende kloue van die duiwel weggeraap.

Aangesien die duiwel dit nie kon regkry dat die gelowige heeltemal koud word in sy verhouding met die Here nie en nie kon regkry dat die gelowige in die sonde bly lê nie,

probeer hy 'n ander tegniek. Hy kom saai twyfel by die gelowige en wil hom wysmaak dat sy sonde hierdie keer te erg was dat die Here hom nie weer sal vryskeld nie.

Aan hierdie gelowige word daar dan in die verkondiging getuig dat God werklik sy sondes ter wille van Christus vergewe het. Omdat hy in die geloof na Jesus Christus sy toevlug geneem het toe die Heilige Gees die bekering by hom bewerk het, hoor hy die getuienis dat die belofte van God werklik is. God vergewe mense hulle sondes wanneer hulle van harte berou daarvoor het, dit voor God bely en smee dat Christus se bloed hulle ook van hierdie skuld sal reinig. Wie so sy toevlug tot Christus neem het die belofte van sondevergifnis waar geword.

Wanneer hierdie gelowige na die verkondiging van die evangelie luister, betuig die Here self aan hom dat die koninkryk van God vir hom oop is. Maar nie almal aan wie die evangelie verkondig word, kan sommer aanneem dat die koninkryk van God vir hulle oop is omdat hulle die evangelie gehoor het nie. Daarom kan en mag daar nie ongekwalifiseerd aan almal in 'n erediens gesê word dat hulle sondes vergewe is nie.

Die Woord van die Here is immers 'n skerp swaard met twee snykante. Daarom moet daar in die verkondiging van die evangelie ook aan die huigelaars en diegene wat hulle verhard in 'n sonde 'n waarskuwing gegee word. ***Aan al die ongelowiges en huigelaars word verkondig dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank hulle hulle nie bekeer nie.***

Wanneer die Heilige Gees dan tyends die verkondiging van die evangelie 'n mens se oë oopmaak vir 'n sonde wat jy nog koester in jou hart, roep Hy jou tot bekering. In die verkondiging bring Hy jou immers by Christus in wie jy jou vertrou moet stel. Moenie dan sê: Ag, ek sal later met hierdie sonde afreken, nie. Hoe weet jy of jy nog 'n latere tyd gaan hê. Vir solank as wat jy jou nie bekeer nie, rus die toorn van God op jou oor jou sonde en onbekeerlikheid. Ons moet dit mooi hoor – in die verkondiging word daar vir die ongelowige en huigelaar nie gesê dat daar nie meer vir hom 'n kans is nie. Daar word wel vir hom gesê dat solank as wat hy hom teen die Here se roepstem verhard, bly die toorn van God op hom. Niemand het die toorn van God op hom neergesit nie. Deur sy ongehoorsaamheid het hy self onder die genade van die Here uitgeloop. En daar waar die Here se genade nie is nie, daar is sy toorn teenwoordig.

Wanneer 'n gelowige homself besig hou met die dinge wat die Here verbied, dan loop hy self uit die koninkryk van God uit. Hy wil dan nie onder die heerskappy van Jesus Christus wees nie, maar hy wil sy eie baas wees. Die Heilige Gees klap nie die poorte van die koninkryk van God dan sommer dadelik in so 'n mens se gesig toe nie. Deur die verkondiging van die evangelie word hy gewaarsku. Hy moet sy oë oopmaak en kyk waar hy homself bevind en hom bekeer. Indien hy hom heeltmaal teen die Here gaan verhard, kan dit gebeur dat die koninkryk van God vir hom gesluit sal word.

Dit is nie sommer maar 'n kleinigheid om jouself buite die koninkryk te bevind en daar buite te wil bly nie. Jesus sê dat wat op die aarde oopgesluit word, sal in die hemel oopgesluit bly. En wat op die aarde toegesluit word, sal in die hemel toegesluit bly. Wat jy nou hoor verkeerd is in die oë van die Here, sal in die hemel ook verkeerd wees in sy oë, want Hy verander nie. As jy dan nou uit die koninkryk van God is of daaruit wegloop, beteken dit dat jy nie onder die heerskappy van Christus wil wees nie. En sulke mense gaan die Here nie by Hom in sy hemel toelaat nie.

Geliefdes, ons is bevoorreg om die verkondiging van die evangelie te hoor. Laat ons luister wat die Gees vir ons sê. En as ons dan gehoor het, laat ons doen wat die Here van

ons verwag. As jy dan hoor dat jy jou moet bekeer, doen dit en moenie uitstel nie. As jy dan hoor dat jy werklik vergewe is, dank die Here in woorde en daede.

Amen!

Slotgebed

Psalm 89:6, 7 (p. 445)

- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.
- 7 U tog, U is hul roem, hul sieraad en hul prag, / wat hul beklee met sterkte^{en} onverwinb're mag.
Uit vrye guns alleen, uit ewige mededoë, / hef ons die hoof omhoog, weer sterk deur Gods vermoë.
Want God is ons 'n skild, die weerkrag van ons lewe; / en onse Koning is deur Isr'els God gegewe.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
29 April 2018